

Doop van ingeseënde – Francois Malan

Ingrid vra:

Ons een seun is gedoop en die tweede een ingeseen. Ons is nou terug in NG Kerk al vir die laaste vier jaar. Moet ons, ons tweede seun laat doop?

Wat is die regte ding om te doen?

Antwoord

Prof Francois Mlan antwoord:

Ek weet nie hoe oud is julle tweede kind nie. 'n Kind wat begin verstaan van Jesus kom saam met die ouers na die doopgesprek voor die doop. Vir klein kindertjies bring die ouers hulle om gedoop te word na hulle doopgesprek. Die NG Kerk doop kinders van gelowige ouers. Ouer mense wat tot bekering kom deur in Jesus te begin glo en nog nooit gedoop is nie, word gedoop ná sy/haar belydenis van sy/haar geloof in die Here Jesus.

Die kerke wat kinders inseën laat hulle kinders later doop, gewoonlik nadat hulle ten minste 16 jaar oud is om self hulle geloof in Jesus te bely voor hulle gedoop word.

Dit verteenwoordig twee sienings oor die betekenis van die doop. Die kerke wat kindertjies inseën wys onder andere na Matteus 28:18-20 waar Jesus die opdrag aan sy dissipels gegee het om 'dissipels van al die nasies te maak en hulle te doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.' Hulle maak die doop afhanklik van die dopeling se geloof in die Here voordat hulle gedoop word.

Die NG Kerk en ander kerke met dieselfde siening as hulle, sien die doop as God se bevestiging dat Hy die kind aangeneem

het as sy kind. En dat die Here die kind tot geloof in Jesus sal lei deur die voorbeeld en onderrig van gelowige ouers. So het die Here die besnydenis ingestel as teken van sy verbond met Abraham in Genesis 17:9-13 met die opdrag dat die groot mans en die seuntjies van agt dae oud besny word as teken van sy genadeverbond met hulle. Die doop van mans en vroue, seuntjies en dogtertjies het ná Jesus se dood aan die kruis die plek van die besnydenis ingeneem (vgl. Kolossense 2:11-13).

Op die Pinksterdag het Petrus gepreek en vir die mense wat vir hom gevra het wat hulle moet doen, gesê: 'Bekeer julle en laat elkeen van julle in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van julle sondes gedoop word, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte geld vir julle, **en ook vir julle kinders**, en vir almal daar ver, almal wat die Here ons God na Hom toe roep (Handelinge 2:38-40).

God se belofte is dat die Heilige Gees in ons kom bly om ons tot geloof in Jesus te lei en ons geloof daagliks te versterk; en dat ons sonde deur Jesus se offer vergewe is as ons in Hom glo. Die belofte van God is beskikbaar vir alle mense vir wie God roep, en ook vir ons kinders saam met ons.

Daarom kan julle tweede seun met groot vrymoedigheid gedoop word in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Dit is God se bevestiging dat Hy ons sonde vergewe en ook ons kinders as sy kinders aanneem as ons in die Here Jesus glo as die Seun van God wat vir ons gesterf het en opgestaan het uit die dood om ons te red uit ons sonde tot 'n lewe vir God.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Jesus se Doop – Francois Malan

Francois vra:

Waarom

moes Jesus gedoop word en waarom het Hy toe eers die Heilige Gees ontvang ? As drieenige God was die Heilige Gees mos reeds “by” Jesus gewees.

Antwoord

Prof

Francois Malan antwoord:

Johannes

die Doper het dieselfde vraag gehad. Matteus 3:14-15: Maar Johannes het Hom probeer teengaan met die woorde: ‘Ek behoort deur U gedoop te word, en U kom na my toe?’ Jesus het hom geantwoord: ‘Laat dit nou toe, want dit is goed dat ons op hierdie manier alle geregtigheid vervul.’

‘Laat

dit *nou* toe,’ nou terwyl Ek praat. ‘Dit is goed’ – gepas en reg. Die woord ‘geregtigheid’ beteken om reg te doen volgens wat God

vereis. Johannes het mense gedoop en 'n doop van bekering met die oog op die vergewing van sondes verkondig (Markus 1:4). Maar Hebreërs 4:14-15 sê ons Hoëpriester, Jesus, die Seun van God...is nie 'n Hoëpriester wat nie medelye met ons swakhede kan hê nie, maar Een wat, soos ons, in alle opsigte versoek is, en dit sonder dat Hy gesondig het. En 2 Korinthiërs 5:21 sê: 'Hy wat nie sonde geken het nie, Hom het God sonde gemaak ter wille van ons sonde, sodat ons in Hom (Jesus) voor God geregverdig kon word.' Deurdadig Jesus met sy doop Hom **met die mensdom vereenselwig het en al ons sonde op Hom geneem het**, sodat ons geregverdig voor God kan lewe en sterwe, word alle geregtigheid voor God met sy doop vervul. Daarom was sy doop deur sy voorloper Johannes die Doper op daardie oomblik goed, gepas en reg, want Hy het juis gekom om ons van ons sonde te verlos.

Jesus se salwing met die Heilige Gees direk na sy doop verbind sy salwing met sy doop as sy **inhuldiging** in sy taak as die Knecht van die Here wat as ons Hoëpriester en as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem, moes kom sterf volgens die verlossingsplan van God (Joh 1:29). Hy word ook ingehuldig as die Seun van koning Dawid (Mattheus 1:1), wat oor die mensdom kom regeer as die nederige Goeie Herder-Koning (Johannes 10:11; 18:37).

Van

die toekomstige Dawid sê die Here in Jesaja 42:1 'Hier is my Dienaar, Ek stel hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat my Gees op hom kom, hy sal my wil aan die nasies bekend maak.' Die woorde word in Matteus 3:17 aangehaal, en in die aanhaling in Matteus 12:18. Van die salwing van die Seun van Dawid deur die Gees word in Jesaja 11:2 gepraat. Jesaja 61:1-2 praat van die nuwe tyd van die Gees van die Here wat oor hom sal kom om 'n blye boodskap (evangelie) te bring. In Lukas 4:16-19 lees Jesus in Nasaret se sinagoge Jesaja 61:1-2 voor en verklaar dan 'Hierdie gedeelte uit die Skrif is vandag vervul terwyl julle daarna luister.' Die Gees van die Here het oor Hom gekom en die Here het Hom gesalf om die blye boodskap te bring. Daarmee verwys Jesus na sy **formele salwing met die Heilige Gees** met sy doop, al was Hy verwek uit die Heilige Gees (Mattheus 1:20). Sy formele salwing met die Heilige Gees by sy doop is sy inhuldiging tot sy openbare bediening nadat Hy 'n gewone skrynwerker in Nasaret was wat sy familie moes onderhou na Josef se dood (Mark 6:3).

Jesus se bediening en sy Godheid word bevestig deur die stem uit die hemele wat gesê het: 'Dit is my geliefde Seun oor wie Ek my verheug' (Mattheus 3:17). Daarmee word die **Drie-eenheid** geopenbaar met die Vader se stem, die Seun wat mens geword het ter wille van ons, en die Heilige Gees wat soos 'n duif op Hom neerdaal om Hom te salf vir sy bediening van God se versoening met ons. Die woorde van God oor sy geliefde Seun weerspieël

iets van die verhouding tussen die Vader en die Seun en die Heilige Gees waarvan 1 Johannes 4:8,16 sê: 'God is liefde.' Dat die Vader Hom oor sy Seun se bevestiging verheug, wys dat God bly is dat sy Seun Hom met die mensdom kom vereenselwig het om God se verlossingsplan vir die wêreld te kom deurvoer met sy liefdesoffer van Homself. Na Jesus se eerste aankondiging van sy lyding, dood en opstanding (Lukas 9:22) praat hy en Moses (verteenwoordiger van die Wet) en Elia (verteenwoordiger van die profete) op die berg van verheerliking oor sy uittog wat Hy in Jerusalem tot vervulling sou bring (Lukas 9:31). Toe kom daar weer 'n stem uit die wolk wat sê: 'Dit is my Seun, die Uitverkorene. Luister na Hom.' Hy is uitverkies vir sy uittog om aan die kruis te sterf vir die sonde van die wêreld.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

JESUS se doop – Francois Malan

Fransois vra:

Waarom moes Jesus gedoop word en waarom het Hy toe eers die Heilige Gees ontvang ? As drieenige God was die Heilige Gees mos reeds "by" Jesus gewees.

Antwoord:

Prof Francois Malan antwoord:

Johannes

die Doper het dieselfde vraag gehad. Matteus 3:14-15: Maar Johannes het Hom probeer teengaan met die woorde: 'Ek behoort deur U gedoop te word, en U kom na my toe?' Jesus het hom geantwoord: 'Laat dit nou toe, want dit is goed dat ons op hierdie manier alle geregtigheid vervul.'

'Laat

dit *nou* toe,' nou terwyl Ek praat. 'Dit is goed'

– gepas en reg. Die woord 'geregtigheid' beteken om reg te doen volgens wat God

vereis. Johannes het mense gedoop en 'n doop van bekering met die oog op die

vergewing van sondes verkondig (Markus 1:4). Maar Hebreërs 4:14-15 sê ons

Hoëpriester, Jesus, die Seun van God...is nie 'n Hoëpriester wat nie medelye met

ons swakhede kan hê nie, maar Een wat, soos ons, in alle opsigte versoek is, en

dit sonder dat Hy gesondig het. En 2 Korinthiërs 5:21 sê: 'Hy wat nie sonde

geken het nie, Hom het God sonde gemaak ter wille van ons sonde, sodat ons in

Hom (Jesus) voor God geregverdig kon word.' Deurdat Jesus met sy doop Hom **met die mensdom vereenselwig het en al ons sonde op Hom geneem**

het, sodat ons geregverdig voor God kan lewe en sterwe, word *alle* geregtigheid voor God met sy doop vervul. Daarom

was sy doop deur sy voorloper Johannes die Doper op daardie oomblik goed, gepas

en reg, want Hy het juis gekom om ons van ons sonde te verlos.

Jesus

se salwing met die Heilige Gees direk na sy doop verbind sy salwing met sy doop

as sy **inhuldiging** in sy taak as die Kneg van die

Here wat as ons Hoëpriester en as die Lam van God wat die sonde van die wêreld

wegneem, moes kom sterf volgens die verlossingsplan van God (Joh 1:29). Hy word

ook ingehuldig as die Seun van koning Dawid (Mattheus 1:1), wat oor die mensdom

kom regeer as die nederige Goeie Herder-Koning (Johannes 10:11; 18:37).

Van

die toekomstige Dawid sê die Here in Jesaja 42:1 'Hier is my Dienaar, Ek stel

hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat my Gees op hom kom,

hy sal my wil aan die nasies bekend maak.' Die woorde word in Mattheus 3:17

aangehaal, en in die aanhaling in Mattheus 12:18. Van die salwing van die Seun

van Dawid deur die Gees word in Jesaja 11:2 gepraat. Jesaja 61:1-2 praat van

die nuwe tyd van die Gees van die Here wat oor hom sal kom om 'n blye boodskap

(evangelie) te bring. In Lukas 4:16-19 lees Jesus in Nasaret se sinagoge Jesaja

61:1-2 voor en verklaar dan 'Hierdie gedeelte uit die Skrif is vandag vervul

terwyl julle daarna luister.' Die Gees van die Here het oor Hom gekom en die

Here het Hom gesalf om die blye boodskap te bring. Daarmee verwys Jesus na sy **formele salwing met die Heilige Gees** met sy doop, al

was Hy verwek uit die Heilige Gees (Mattheus 1:20). Sy formele

salwing met die
Heilige Gees by sy doop is sy inhuldiging tot sy openbare
bediening nadat Hy 'n
gewone skryner in Nasaret was wat sy familie moes onderhou
na Josef se dood
(Mark 6:3).

Jesus se bediening en sy Godheid word bevestig deur die stem
uit die hemele wat gesê het: 'Dit is my geliefde Seun oor wie
Ek my verheug' (Mattheus 3:17). Daarmee word die **Drie-eenheid**
geopenbaar met die Vader se stem, die Seun wat mens geword het
ter wille van ons, en die Heilige Gees wat soos 'n duif op Hom
neerdaal om Hom te salf vir sy bediening van God se versoening
met ons. Die woorde van God oor sy geliefde Seun weerspieël
iets van die verhouding tussen die Vader en die Seun en die
Heilige Gees waarvan 1 Johannes 4:8,16 sê: 'God is liefde.'
Dat die Vader Hom oor sy Seun se bevestiging verheug, wys dat
God bly is dat sy Seun Hom met die mensdom kom vereenselwig
het om God se verlossingsplan vir die wêreld te kom deurvoer
met sy liefdesoffer van Homself. Na Jesus se eerste
aankondiging van sy lyding, dood en opstanding (Lukas 9:22)
praat hy en Moses (vertegenwoordiger van die Wet) en Elia
(vertegenwoordiger van die profete) op die berg van
verheerliking oor sy uittoeg wat Hy in Jerusalem tot vervulling
sou bring (Lukas 9:31). Toe kom daar weer 'n stem uit die wolk
wat sê: 'Dit is my Seun, die Uitverkorene. Luister na Hom.' Hy
is uitverkies vir sy uittoeg om aan die kruis te sterf vir die
sonde van die wêreld.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Doop in twee verskillende kerke – Hermie van Zyl

'n Leser vra:

Ek is 'n NG Kerk lidmaat wat in die buiteland woon vir die afgelope 10 jaar. Ek het my vrou in die buiteland ontmoet en sy is van die Russies-Ortodokse Kerk. Ons het 'n baba wat 'n jaar en 'n half oud is. Waar ons tans woon, is daar nie 'n NG Kerk of 'n Russies-Ortodokse Kerk nie. Ons oorweeg dit om haar in een of albei kerke te laat doop. Om haar in beide kerke te laat doop is uiteraard 'n moeilike vraag: Is dit gewens om 'n kind in twee uiteenlopende Christelike Kerke te laat doop? In my "oop" gemoed is dit dieselfde God, maar ek verstaan ook dat beide kerke baie verskillende sienings aangaande godsdiens het en dus kan dit uiteraard miskien nie versoenbaar wees nie.

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Die doop is die een sakrament wat kerke saambind, ongeag leer-, tradisie- en liturgiese verskille. Dit is soos Efesiërs 4:4-6 sê: "Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon." Daarom erken die NG Kerk (en so ook die meeste hoofstroomkerke) die doop van alle ander Christelike kerke. Die NG Kerk doop dus niemand oor net omdat die persoon aanvanklik gedoop is in 'n ander kerk as die NG Kerk nie. Die enigste voorwaardes vir die erkenning van die doop is dat dit bedien moes gewees het (a) in die Naam van die Drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees; (b) met water; en (c) deur 'n persoon met bevoegdheid in die betrokke kerkverband.

Die wese van die doop is dat dit 'n eenmalige handeling is en nie nodig is om herhaal te word nie. Die doop staan vir die eenmalige opname van die kind in die ryk van God, selfs al verstaan die kind nog niks daarvan nie. Die doop illustreer juis die vooruitlopende genade van God; dit verkondig en verseël aan ons die genade van God selfs nog voordat ons daarom vra. Dít is wat tipies gebeur het toe God met Abraham 'n verbond aangegaan het, en wat voortgesit word in die Nuwe Testament toe God hierdie verbond bekragtig en nuut gemaak het in Jesus Christus. Natuurlik moet dit die kind van gelowige ouers wees, want die verbond het twee kante: God wat sy genade aan ons verseël in die doop, maar die kind wat in hierdie genade moet grootword, daarvan vertel moet word, dit voor- en uitgeleef moet sien in sy/haar ouers se lewe, en dit self, soos sy opgroei, persoonlik moet toeëien.

Hierdie eenmalige karakter van die doop maak dat dit nie net onnodig is om die kindjie in twee verskillende kerke te laat doop nie, maar dat dit ook onwenslik en selfs onreëlmatig is. Want dit sou neerkom op 'n herdoop, wat teen die karakter van die doop as 'n eenmalige handeling ingaan. Ek sou dus aanbeveel dat die ouers moet ooreenkom in watter kerk die kindjie gedoop moet word. Uiteraard beteken dit ook dat hulle lidmate van daardie kerk moet wees, of – volgens die gebruik in die NG Kerk – toestemming verleen word deur hulle tuisgemeentes om hulle kind in 'n ander gemeente te laat doop. Gegewe hulle situasie in die buiteland, kan dit selfs inhou dat hulle die doop in 'n kerk anders as die NG Kerk of Russies-Ortodokse Kerk laat bedien. Dit gebeur immers dikwels dat ouerpare by ander kerke inskakel, as dié waarin hulle grootgeword het nie beskikbaar is in hulle omgewing nie. So 'n inskakeling is ook te verkies, want dan wys die ouers dat hulle 'n lewende verhouding met God in Christus het en dat hulle die doop vir die regte (gelowige) redes en nie uit gewoonte of bygelowigheid wil laat bedien nie. Want einde ten laaste gaan dit daaroor dat die kind nie net gedoop word nie, maar dat die ouers daardeur te kenne wil gee dat hulle hul

kind in die boesem van die Christelike gemeente wil grootmaak.

Wanneer die ouers dan later moontlik sou inskakel by een van die kerke waarin hulle grootgeword het, dan kan hulle aansoek doen dat hulle kind se doop erken word in daardie gemeente. Hulle sou dan slegs die kind se doopsertifikaat, uitgereik deur die kerk waar die kind oorspronklik gedoop is, as bewys van haar doop kon indien. In die NG Kerk sou so-iets byvoorbeeld belangrik wees wanneer die kind belydenis van geloof wil aflê. Maar ander kerke, soos die Russies-Ortodokse Kerk, mag miskien ander gebruike hieroor hê.

Ter opsomming: Wat vasstaan, is dat die kind nie nou in twee verskillende kerke gedoop moet word nie, want dit sou neerkom op oordoop, wat teen die karakter van die doop as eenmalige heilshandeling ingaan. Maak net seker dat die vereistes vir erkenning van die doop, soos aan die begin genoem, nagekom word.

Skrywer: Prof Hermie van Zyl